

Waar die angste verdwyn, blom ons welwees

Godsdien Aktueel

Nico Koopman



In sy boekie *The Courage to Be* identifiseer die Amerikaanse teoloog Paul Tillich drie stelle menslike angste. Miskien is Tillich se gedagtes byna 70 jaar later steeds waardevol vir individue en instellings wat besorgd is oor die welwees van mense.

Baie mense leef met die angste vir skuld en verwerping. Ons is voortdurend bang dat ons nie goed genoeg is en dat ons nie goed genoeg presteer op haas elke lewensterrein nie.

Ons is nie slim, ryk, mooi, moreel en goed genoeg nie. Hierdie angste dat ons nie goed genoeg is nie, lei daartoe dat ons met prestasie-angste leef. Dit is werklik hartseer as ons goeie prestasie gedryf word deur prestasie-angste, en nie deur mooier motiewe soos om gewoon ons talente ten beste te ontplooi en die wêreld ten beste te dien nie.

Die angste dat ons nie goed genoeg is nie, word vergesel deur die angste dat ons verwerp sal word. Ons wil nie mense kritiseer en opponeer waar ons dit moet doen nie, want hulle sal dalk ons optrede in 'n negatiewe lig beskou en ons verwerp.

Ons is ook oorsensitief vir kritiek en teenstand aan ons adres omdat ons dink dit is 'n uitdrukking van mense se verwerping van ons.

Tillich identifiseer ook 'n tweede stel angste: dié van vrees vir eindigheid en die noodlot. Ons sukkel om broosheid en sterflikheid te aanvaar. Ons vlug voortdurend weg van broosheid en onvolmaaktheid. Ons sukkel om te erken dat ons gebrekkige, kwesbare wesens is wat foute maak en ander mense nodig het.

'n Ander Amerikaanse teoloog, Reinhold Niebuhr, verduidelik in sy *The Nature and Destiny of Man* (sic) dat ons broosheid probeer oorkom met hoogmoed en arrogansie.

Hy onderskei vier soorte arrogansie waarmee enkelinge broosheid en afhanklikheid probeer verdryf, naamlik die arrogansie of hoogmoed van mag (ek en my groep is die sterkste), intellek (ons idees en oplossings is die beste), moraliteit (niemand is eties so goed en beskaafd soos ons nie) en godsdienste (ons weet die beste wat God se wil is).

Saam met hierdie broosheidsgevoel loop die angste dat God of die noodlot die dobbelsteen gewerp het en dat dit vir my en my groep sleg geval het. Ons is dus verdoem tot die tragedie wat ons tref, word gevrees.

Die laaste stel angste is dat ons lewe die punt bereik van doelloosheid, betekenisloosheid, sinloosheid en leegheid.

Ons maak geen impak meer nie. Ons word nie meer benodig nie. Ons het oorbodig geword, vrees ons. Ons emigreer dan na binne.

Teenoor hierdie lewe van angste help godsdienstige en sekulêre lewensbeskouinge dat die angste in ons hart plek maak vir die kalmte van geloof, die vreugde van hoop en die sinvolheid en vervulling van liefde.

■ Nico Koopman is 'n teoloog en viserektor aan die Universiteit Stellenbosch.